

Wintertyd In Die Tuin.

VERANDERINGS WAT NOU GEDOEN KAN WORD.

BLOMBEDDINGS VORM VAN BEDDINGS

Die beddings se lyne kan verander word om onderhoud te vergemaklik. Sagte vloeiende lyne sny nie net maklik nie, maar vertoon ook mooier en rustiger. Beddings word altyd groter. Groot beddings verg nie net baie arbeid om te onderhou nie, maar benodig ook baie meer plantmateriaal.

GRONDBEDEKKERS

Kies die regte tipe grondbedekkers wat minder aandag verg. Sommige soorte moet jaarliks aangeplant word, terwyl ander vir jare mooi bly.

BEWERKING VAN BEDDINGS

Gedurende die winter is dit 'n ideale tyd om die beddings te bewerk. Haal alle grondbedekkers uit wat lelik lyk of nie meer wil groei nie. Bemes en bewerk die beddings deeglik. Die grondbedekkers en meerjarige plante kan verdeel en opgebreek word. Dit is ook die ideale tyd om 'n paar verskuiwings te maak in die tuin, byvoorbeeld, plant kolle wat blou was met rooi ensovoorts. Onthou groot groepe vertoon altyd beter.

SKUIF VAN PLANTE EN BOME

Omdat die plante in die winter in 'n rusperiode is, is dit die beste tyd om hulle te skuif. Laat die grond goed droog word voordat hulle uitgegrawe word, die grond val dan nie so maklik af van die wortels nie. Onthou plant die plante weer terug soos hulle voorheen gestaan het, met ander woorde, met die noordekant weer noord.

VERFWERK

Kyk wat het verf nodig. Alle strukture, pergolas, mure, potte tuinmeubels, ensovoorts.

HERSTELWERK

Maak nou die druiwepriëel reg, asook strukture waarop rankers groei. Herstel die stukkende posbus of muur, en ander goed wat gebreek is.

WATERTEMAS

Maak die watertemas skoon en plant alle water plante oor. Diens die pompe en maak alle filters skoon. Herstel alle lekkasies. Laat nou daardie nuwe watertema installeer of bou waaroor jy gedroom het.

PAADJIES

Kyk waar die gras doodgetrap word, en vervang dit met harde oppervlaktes soos "stepping-stones". Maak ook alle bestaande paadjies reg.

DREINERING

Is daar plekke waar water opdam en plante versuip in die reënseisoen. Is daar potte wat nie dreineer nie. Plant al die potplante oor wat nie meer wil groei nie, of vervang hulle met ander plante.

BELIGTING

Moet daar dalk iewers beligting kom, onder 'n boom of by die watertema, of langs die ingangspaadje?. Graaf die slote nou en herstel al die stukkende ligte.

SIT-AREAS IN DIE TUIN

Skep interessante kuierplekke in die tuin waar daar heerlik ontspan kan word. Plavei 'n area onder die boom met 'n pot kleur. Plaas 'n boomstomp of 'n hout bankie naby die watertema.

FOKUSPUNTE IN DIE TUIN

Dit kan 'n kazebo wees, 'n lig, 'n beeld, 'n watertema, 'n pot blomme, of 'n stomp, ens. Pasop vir te veel fokuspunte wat te veel eentonigheid meebring.

KRUIETUIN

Kruietuine is baie populêr, dit kan of in potte of in klein onbenutte areas uitgelê word.

VRUGTE EN GROENTE

Deesdae met die hoë groente- en vrugteprys word al hoe meer aandag aan hierdie aspek gegee.

<http://phantocomp.weebly.com>